

Sondag 19 September

Skrifgedeelte: Filemon:13-16

Fokusgedeelte: Filemon:15, 16

Vir altyd terug ontvang

Paulus pleit by Filemon om vir Onesimus terug te ontvang. In ons fokusgedeelte lees ons: “Miskien was hy ’n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom vir altyd sou terugkry, nou nie langer net as ’n slaaf nie, maar meer as ’n slaaf: as ’n geliefde broer.” In die oorspronklike word daar ’n passiewe woord gebruik om aan te dui dat Onesimus weg was van Filemon. Hy was weg van hom. “Miskien is hy om hierdie rede ’n tydjie van jou geskei.”

In hierdie passiewe formulering sien ons die erkenning van God se voorsienigheid. God regeer en beskik oor alle dinge. Niks gebeur toevallig nie. Onesimus se wegloop was verkeerd en hy is verantwoordelik vir sy verkeerde dade. Maar God het dit ten goede gebruik. God het hom by Paulus gebring en God het hom tot geloof gebring. En nou, nou sal Onesimus vir altyd terug kan wees by Filemon. Hulle sal hier kan saamleef en hulle sal ook hierna vir ewig kan saamleef.

“Miskien was hy vir ’n kort tydjie van jou geskei, dat jy hom vir altyd kan terugkry.” Watter troos en bemoediging is daar nie vir ons in hierdie woorde waar ’n dierbare of ’n kind van jou hulle rug op die Here gedraai het nie. Sy is uit jou huis uit en uit die kerk uit en jy dink dit is vir altyd. Filemon sou ook gedink het dat Onesimus vir altyd weg was toe hy weggeloop het. Maar miskien moet jou kind vir ’n kort tydjie weg wees, sodat jy haar vir altyd kan terugkry. Hoeveel beter is dit nie as wat dit sou wees wanneer sy vir ’n kort tydjie in jou huis of in die kerk gebly het en dan vir altyd, vir ewig van jou geskei sal wees.

Sing: Psalm 145-1:1, 10, 11

Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)